

## **Maandag 16 Januarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 1:8 – 2:2**

**Fokusgedeelte: Johannes 1:29b**

**“... wat die sonde van die wêreld wegneem ...”**

Johannes het ’n wêreldveranderende openbaring ontvang: Jesus is nie alleen die Lam van God nie, maar Hy is die deur God geskenkte Offerlam wat die “... sonde van die wêreld wegneem”!

Israel se “godsdien” het altyd oor Israel se heil, voorspoed, oorlewing, triomf gegaan. Vir Johannes het die gordyn oopgeskuif, die skille afgeval: Yahweh is ook die God van “die wêreld”! Hy is egter ook die Regter van die “wêreld” – en die “... hele wêreld is voor God verdoem ...” (Rom. 3:19) ... maar: Hy wil dit red (1 Tim. 2:4)! Dit is waarom hy “Die Lam” stuur! Net Hy is goed genoeg, heilig genoeg, het genoeg liefde en begrip – is kosbaar genoeg!

Later sou die Lam Self verduidelik: “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo (as die Lam van God), nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê” (Joh. 34:16-19).

Elkeen wat, soos Johannes, oorweldig is deur hierdie ontsaglike werklikheid, kan ook nie stilbly nie: die goeie nuus moet aan die wêreld verkondig word: “God gee om vir die wêreld! Hy sien die verskriklike nood van die wêreld: nou alreeds, maar ook op die ‘laaste dag’ – en daarom het Hy Die Lam voorsien!”

Elkeen wat die offer van die Lam werklik aanvaar en ervaar dus Johannes se blye aankondiging voort, want sy en hy word ook: ’n nuwe skepping en onvermydelik ’n ambassadeur na die wêreld van die Lam en van God se onverstaanbare, reddende liefde (2 Kor. 5:17-21).

Is jy een?

*Sing: Skrifberyming 1-3:1-3*

*Ds. DC (Chris) Coetsee (Emeritus)*